*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema: Motief en onvoorwaardelikheid**

**Skriflesing: Lukas 15:1,2 en 11-32**

## Broodjies vir die pad

"The more we become sensitive to our own journey the more we realize that we are leaving and coming back every day, every hour. Our minds wander away but eventually return; our hearts leave in search of affection and return sometimes broken; our bodies get carried away in their desires then sooner or later return. It's never one dramatic life moment but a constant series of departures and returns."
— Henri J.M. Nouwen, Home Tonight: Further reflections on the parable of the prodigal son

"I am the prodigal son every time I search for unconditional love where it cannot be found."
— Henri J.M. Nouwen, Return of the Prodigal Son

"But the ultimate reason for our hope is not to be found at all in what we want, wish for and wait for; the ultimate reason is that we are wanted and wished for and waited for. What is it that awaits us? Does anything await us at all, or are we alone? Whenever we base our hope on trust in the divine mystery, we feel deep down in our hearts: there is someone who is waiting for you, who is hoping for you, who believes in you. We are waited for as the prodigal son in the parable is waited for by his father. We are accepted and received, as a mother takes her children into her arms and comforts them. God is our last hope because we are God's first love."
— Jürgen Moltmann, The Source of Life: The Holy Spirit and the Theology of Life

"There is within each one of us a potential for goodness beyond our imagining; for giving which seeks no reward; for listening without judgment; for loving unconditionally."
— Elisabeth Kübler-Ross

"The truth is, when our mothers held us, rocked us, stroked our heads -none of us ever got enough of that. We all yearn in some way to return to those days when we were completely taken care of - unconditional love, unconditional attention. Most of us didn't get enough."
— Mitch Albom, Tuesdays with Morrie

"The fatted calf, the best Scotch, the hoedown could all have been his too, any time he asked for them except that he never thought to ask for them because he was too busy trying cheerlessly and religiously to earn them."
— Frederick Buechner, Telling the Truth: The Gospel as Tragedy, Comedy, and Fairy Tale

"Addiction" might be the best word to explain the lostness that so deeply permeates society. Our addiction make us cling to what the world proclaims as the keys to self-fulfillment: accumulation of wealth and power; attainment of status and admiration; lavish consumption of food and drink, and sexual gratification without distinguishing between lust and love. These addictions create expectations that cannot but fail to satisfy our deepest needs. As long as we live within the world's delusions, our addictions condemn us to futile quests in "the distant country," leaving us to face an endless series of disillusionments while our sense of self remains unfulfilled. In these days of increasing addictions, we have wandered far away from our Father's home. The addicted life can aptly be designated a life lived in "a distant country." It is from there that our cry for deliverance rises up."
— Henri J.M. Nouwen, The Return of the Prodigal Son: A Story of Homecoming

## Legkaart

'n Houtkissie met fyn inleg is al die jare
agter in haar hangkas gebêre, duidelik
die handewerk van Oupa se vlyt
uit St Helena, gevul met Ma se koestergoed,
waarvan net sý die geskiedenis ken:
'n hoedespeld, perlemoenknope en 'n kwartskristal,
drie tiekies en 'n seëlring met PB daarop gegraveer,
'n lapel- en skouerruiker deur tyd en boorders
verweer en heel onder, verbleikte lanferbande.
Die PB was duidelik Pa se ring en Ma, as kranige
tuinier, het die ruikers straks self aanmekaar
gestring, maar eers op haar sterfbed sou die lanfer
nuwe lewe kry toe sy van haar drie babas vertel.

*Eunice Basson, 2022*

"Surely God loves to get out of church buildings and go visit people where they hunger for reality."
— Dylan Morrison, The Prodigal Prophet

"In waking to the strangeness of the world, many of us become strangers in our own homes. But home is where we start and where we shall someday return. The path between has been marked out for us by a Savior who became the prodigal from heaven, journeying into the far country to bring us home with Him. He is both the end of our exploring and its liberating transformation. It is Jesus who has already profaned the mysteries of God by making the unknown at the center known to us: he who has seen Jesus has seen the Father."
— G.K. Chesterton, Orthodoxy

"It is to the prodigals...that the memory of their Father's house comes back. If the son had lived economically he would never have thought of returning."
— Simone Weil

## Rolprentmaker Weys se 'Bergie' 'n uitklophou

*Laetitia Pople*

Voor en tydens die koronavirus-inperking en met die houvas van Covid-19 het die rolprentmaker Dian Weys gesien hoe hawelose mense "verwyder" word of mense wat "in die pad is", verskuif word daar waar hy in Drieankerbaai in Kaapstad woon.

Dit is dus asof die tema vir sy jongste kortprent vanself kom aanmeld het. *Bergie* is net agt minute lank, maar gee ’n uitklophou. Dit handel oor ’n hawelose wat ’n Parkrun in Seepunt “ontwrig”.

Dit is vandeesweek op die kykNET Silwerskermfees in Kampsbaai se The Bay-hotel te sien en ook aanlyn op die fees se webblad.

Weys het met enkele prente reeds bekend geword om sy medemenslike en maatskaplik bewuste aanslag. Ná ’n B.Com-graad in die regte en ’n graad in Engels aan die Universiteit van die Vrystaat het hy sy honneurs- asook sy meestersgraad in filmkuns aan die Universiteit van Kaapstad verwerf.

Hy vertel stories wat ná geweld afspeel. Sy kortprent *Plaashuis* is pas by ’n kortprentfees in Finland vertoon.

Dit is gegrond op die ware verhaal van twee vroue van Ficksburg wat ’n plaashuis gaan skoonmaak het ná ’n plaasaanval en -moord. Die boervrou was in die hospitaal ná die aanval en die vroue wat gaan skoonmaak het, wou hê sy moet na ’n skoon huis – sonder enige teken van die aanval – terugkom, vertel Weys.

“Ek ondersoek die verantwoordelikhede van diegene in die omtrek ná geweld. Dit is ’n tema waarmee ek in my eie lewe worstel: Wat is my verantwoordelikheid teenoor my medemens en is ek bereid om myself op die spel te plaas vir my naaste? My eerste kortprent, *Versnel* (2017), het ook dié tema behandel.” Dit speel af ná ’n aanval op paramedici wat uitgeroep word na ’n noodgeval.

*Bergie* handel volgens Weys oor onsigbare geweld.

“Ek neem ook aan Parkruns deel en daar is gewoonlik ’n Argus- of Kaapse marathon wat op my voorstoep in Drieankerbaai plaasvind. Ek het ook voor die pandemie gesien hoe hawelose mense verwyder word. Waar *Versnel* en *Plaashuis* plaasvind nadat oomblikke geweld gebeur het, is die lot van hawelose mense ’n geval van onsigbare of 'stadige' geweld, geweld wat oor ’n lang tydperk plaasvind en nie sigbaar is nie (byvoorbeeld aardverwarming, armoede of institusionele rassisme).”

Hy meen dat hawelose mense en die ruimtes wat hulle inneem ’n interessante onderwerp is om te verken.

“Ek wil wel nie ’n kant kies nie; ek het begrip vir die moeilike werk wat wetstoepassers moet doen. Aktiviste wil Kaapstad en die amptenare beswadder, maar hoe meer ek met hulle gesels, besef ek dat hulle die kompleksiteit van die situasie begryp en selfs baie meer sensitief daarmee omgaan as wat die politieke narratief tans weergee. Dalk nie perfek nie, maar hulle probeer ten minste. Ons almal aanvaar ook outomaties dat verantwoordelikheid slegs by die stad lê; nóg die stad se inwoners nóg die familielede van hawelose mense is vir die een of ander rede vrygespreek.”

Hy wil deur die prent aan die kyker vra: “Wat is óns, my en jou, verantwoordelikheid?”

Die rolprentkuns is vir hom ’n unieke medium om oor etiese sake te besin. “Ek wil nie my eie mening afdwing nie, maar eerder die gehoor se deelname aanmoedig. Rolprentkuns het die vermoë om gehore hul eie verantwoordelikheidsin te laat ondersoek. Ons ís almal deel van hierdie wêreld en kan dus nie verwag om na rolprente te kyk en te dink ons verantwoordelikheid begin en eindig by die kykproses nie.”

Teen einde 2020 het hy genoeg geld deur skarebefondsing ingesamel om *Plaashuis* te verfilm. Sedertdien is die kortfilm al op sewe filmfeeste vertoon, onder meer die Tampere-rolprentfees in Finland en die Message to Man-fees in St. Petersburg, Rusland. Dit is ook by Regensburg Kurzfilmwoch in Duitsland, die Foyle-fliekfees in Ierland en die GwangHwaNum-kortprentfees in Suid-Korea vertoon. Tampere het byvoorbeeld 6 912 inskrywings ontvang en 64 kortfilms is gekies.

“Ons is dus baie dankbaar vir die groot eer! Ek was in Tampere om die fees by te woon. Die vraesessies ná *Plaashuis* se twee vertonings het baie goed afgeloop. Gehore het gesê die film is baie onheilspellend en laat hulle ongemaklik – daar het selfs ’n gehoorlid in die een vertoning geskrik en hardop gegil.”

Die hoof van die filmfees het ook *Plaashuis* gekies om bespreek te word by die jaarlikse “Brunch and Films”.

Die plan is om *Plaashuis* ook op ander feeste te vertoon en dit aan die einde van die jaar aanlyn te plaas sodat dit verniet gekyk kan word.

“Die kans op ’n vollengterolprent lyk skraal. Ek het ’n idee vir die vollengterolprent en hoe om dit aan te pak. Die groot struikelblok is mos natuurlik altyd befondsing. So ons sal maar sien wat gebeur.”

https://www.netwerk24.com/netwerk24/kunste/flieks/rolprentmaker-weys-se-bergie-n-uitklophou-20220322

## Brood vir die pad

### Doodsonde skep en voed onreg in ons gemeenskap

Onder die sogenaamde sewe doodsondes – ’n klassifikasie van ondeugde wat veral ’n sterk invloed op baie mense se geestelike verbeelding uitgeoefen het tydens die Middeleeue – tel hebsug of gierigheid (avaritia in Latyn).

Hebsug hou verband met die onversadigde en allesoorheersende drang na geld, grond, mag en goed. Verder maak gierigheid ’n mens vatbaar vir oneerlike praktyke en bring dit maklik vir ander in die samelewing swaarkry deurdat hulle as gevolg daarvan uitgebuit en verdruk word.

In die Nederlandse skilder Hieronymus Bosch (1450-1516) se tafelblad-skildery “Die sewe doodsondes en die vier laaste dinge” – in die Prado-museum in Madrid te siene – word hebsug dan ook uitgebeeld deur ’n korrupte regter wat omkoopgeld agter sy rug aanvaar voordat hy uitspraak lewer.

Geldgierigheid, of die liefde vir geld, skryf Paulus voorts, “is die wortel van alle kwaad” (1 Timoteus 6:10). Die Latynse vertaling van dié vers lui: Radix omnium malorum avaritia. En die feit dat hierdie woorde die akroniem Roma vorm, het gemaak dat daar tye in die geskiedenis was dat hebsug geassosieer is met “Rome”, ’n simbool van keiserlike en kerklike korrupsie en magsvergrype.

Daarom word gierigheid soms beskou as die mees sosiale of politieke van die ondeugde deurdat dit verdrukking en onreg in die samelewing meebring. Dit is natuurlik nie geld wat die wortel van alle kwaad is, maar die liefde daarvoor. Nie soseer besittings nie, as die liefde vir besit. Deur hebsug word ons liefdes as’t ware verkeerd georden en gerig. In die proses word ons harte maklik verkneg en ander in die proses verwond.

Daar is sekerlik baie maniere om die houvas van hebsug op ons lewe en op ons samelewing te probeer temper. Een manier is om nie in te koop nie in die ideologie so kragtig verwoord deur Gordon Gecko (gespeel deur Michael Douglas) in sy toespraak in die rolprent Wall Street: “The point is, ladies and gentlemen, that greed, for a lack of a better word, is good. Greed is right, greed works. Greed clarifies, cuts through, and captures the essence of the evolutionary spirit.”

*Daarteenoor moet ons eerder – ook waar ons Maandag Menseregtedag vier – raaksien hoe hebsug onreg kan veroorsaak en voed. Soos die kerkvader Augustinus in sy Stad van God uit die vyfde eeu ons tereg herinner: “Gierigheid is nie soseer ’n fout in die goud wat ons begeer nie. Nee, dit is ’n fout in die mens wat dit op só ’n perverse wyse begeer dat vergeet word van geregtigheid. En dat geregtigheid oneindig waardevoller as goud is.” – RRV*

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-doodsonde-skep-en-voed-onreg-in-ons-gemeenskap-20220319

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877